SUK 3/1/2

GEHEIM

STAATSVEILIGHEIDSRAAD : 12 FEBRUARIE 1979

Notule van SUR 3/79

BESLUITE

1. Ten opsigte van Suidwes-Afrika

(a) Dat die samestelling van UNTAG asook die status-ooreenkoms nie van ons kan tot breekpunt moet lei nie. Die Minister van Buitelandse Sake word gemagtig om die "hekke" op die twee punte oop te maak.

(b) Minister Cruywagen word gevra om die SAUK te nader en te versoek dat hulle toesien dat foutiewe berigte (bv die verwysing na 7 500 VN-troepe) nie uitgesaai word wat verkeerde indruk by die publiek kan skep nie. Die SAUK moet gevra word om meer positiewe propaganda te maak.

(c) Die Administrateur-generaal moet die twee sterkste partye in Suidwes-Afrika bymekaar bring en oorreed om saam met hom teen SWAPO te werk.

(d) Die indruk moet nie - veral nie op die korttermyn - geskep word dat die Grondwetgewende Vergadering nou die regerende liggaam in die plek van die Administrateur-generaal geword het nie.

(e) Mnr A H du Plessis moet op 'n mooi en versigtige manier probeer oorreed word om die Administrateurswoning in Windhoek te ontruim. Die Administrateur-generaal behoort daarin te woon.

(f) Die Administrateur-generaal moet as Koördinator optree ten einde te verseker dat die nodige finansiële reëlings getref word in oorleg met die Tesourie. Die Staatsdienskommissie moet betrek word vir sover dit personeeluitbreiding aangaan.

Bêre/2/ ...
30.4.79.

(g) Ampstermyne van tweedevlak-regerings moet verleng word en verkiesings moet nie nou plaasvind nie.

(h) Ten opsigte van die werkdokument deur die Suid-Afrikaanse Weermag voorgedra word die volgende besluit -

(i) Die Republiek van Suid-Afrika se strategie op 'n uitwaartse strategie gebaseer word;

(ii) Suidwes-Afrika binne die raamwerk van die uitwaartse strategie hanteer word; (outward-look)

(iii) Hoogste prioriteit bly dat internasionale skikking verkry word, maar indien dit nie moontlik is nie, moet 'n korttermyn strategie bepaal word;

(iv) 'n Finale dokument sal deur die betrokke Departemente (Suid-Afrikaanse Weermag, Buitelandse Sake) voorberei en vir goedkeuring aan die Eerste Minister voorgelê word;

(v) Nasionale Strategie ten opsigte van Angola word aanvaar; accepted

(vi) Omsendbrief waarin Departemente gevra word om volle samewerking in Suidwes-Afrika te verleen sal deur Buitelandse Sake opgestel en vir ondertekening deur die Eerste Minister voorgelê word.

2. <u>Administrateur-generaal en 4 Adjunkte</u>

Hulp aan Administrateur-generaal in beginsel goedgekeur. Die persone wat aangestel moet word sal na oorlegpleging met die Tesourie en die Staatsdienskommissie vir goedkeuring aan die Kabinet voorgelê word.

3. Hakkejag-operasies

Voorstelle soos in bylae "A" goedgekeur.

4. Ekonomiese Bystand: Mosambiek

Ministers Horwood, Heunis en Pik Botha moet op die saak ingaan. Beslissing moet voor 15 Februarie 1979 gegee word.

Assurance

5. Rhodesië

arms

(a) Verlenging van leentydperk van gewere vir 1 jaar goedgekeur.

(b) Leen van verdere gewere vir 1 jaar goedgekeur.

exchange

(c) Omruiling van Eland-karre goedgekeur.

(d) Verskaffing van nie-operasionele Snap-vuurpyle goedgekeur.

(e) Geldvoorsiening moet met Tesourie geklaar en by vergadering op 26 Februarie 1979 voorgelê word.

6. Die Werkkomitee moet by die oorweging van riglyne vir 4 buurstate ook die ander buurstate soos Transkei, Bophuthatswana, ens oorweeg.

Considered at SSC Meeting on 12.02.79

Bylae A

## RIGLYNE VIR DIE STAATSVEILIGHEIDSRAAD OM 'N LANGTERMYN NASIONALE STRATEGIE TEN OPSIGTE VAN SELFVERDEDIGINGSAKSIES TE FORMULEER

OPGESTEL DEUR:

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING

SUID-AFRIKAANSE POLISIE

### INLEIDING

Dit word aanvaar dat onder gegewe omstandighede die Suid-Afrikaanse veiligheidsdienste, en by uitstek die Weermag, sekere aksies ter beskerming van Suid-Afrika se territoriale integriteit sal verrig. Dit is daarom noodsaaklik dat riglyne neergelê word vir die uitvoering van sodanige aksies.

### TOEPASLIKE REëLS VAN DIE INTERNASIONALE REG

Die internasionale reg maak voorsiening daarvoor dat 'n staat regsgeldiglik selfverdedigingsaksies mag verrig ten einde sy territoriale integriteit te beskerm. Nie al die aksies wat hier in die vooruitsig gestel sal word kan ewe geredelik onder die juridiese begrip "selfverdedigingsaksies" tuisgebring word nie. Die moontlikheid dat aksies wat minder geredelik in terme van internasionale reg verdedigbaar is, inderdaad so verdedig sal moet word, is weens die geheime aard daarvan egter uiters gering.

D.. moet ook in gedagte gehou word dat die internasionale reg hoogs manipuleerbaar is en dikwels ondergeskik gestel word aan internasionale politieke oorwegings. Die internasionale politieke klimaat ten opsigte van Suid-Afrika is van so 'n aard dat Suid-Afrika dit moeilik sal vind om selfs ten opsigte van die selfverdedigingsaksies wat algemene erkenning geniet, in die gelyk gestel te word. Suid-Afrika se posisie word verder bemoeilik as gevolg van die Verenigde Nasies se uitgesproke en daadwerklike ondersteuning van die sogenaamde "vryheidsbewegings".

SELFVERDEDIGINGSAKSIES WAT IN DIE VOORUITSIG GESTEL WORD

1. OORWOË OPERASIES

Hieronder word hoofsaaklik verstaan optrede teen basisse op vreemde grondgebied welke optrede deur langer termyn beplanning voorafgegaan word. Hierdie kan by uitstek tuisgebring word onder die juridiese begrip "selfverdedigingsaksie" mits aan die volgende vereistes voldoen word:

(i) Daar moet 'n daadwerklike of dreigende gevaar vir Suid-Afrika bestaan.

(ii) Die selfverdedigingsaksie moet dwingend noodsaaklik wees.

(iii) Die selfverdedigingsaksie moet proporsioneel tot die gevaar wees.

2. OPVOLGAKSIES (HAKKEJAG)

As verskyningsvorm van toelaatbare selfverdedigingsaksies is opvolgoperasies toelaatbaar mits aan die volgende vereistes voldoen word:

(i) Die staat waarvan die grondgebied in 'n opvolgaksie betree word, moet òf onwillig wees òf nie in staat wees om teen die persone wat gevolg word op te tree nie.

(ii) Die opvolgaksie moet onmiddellik van stapel gestuur word en van deurlopende aard wees.

(iii) Die doel van die aksie moet wees die gevangeneming en verhoor van die persone wat gevolg word voor die howe van die staat wat die aksie uitvoer.

(iv) Geweld is slegs geoorloof indien die persone wat gevolg word hulself verset teen gevangeneming.

(v) Die aksie mag slegs gerig wees teen die persone wat agtervolg word en mag nie skade veroorsaak aan ander persone of eiendom nie.

3. GRONDVERKENNINGSAKSIES

Hierdie sal by uitstek geheime aksies wees wat ten doel het die bepaling van beplande vyandelike optrede. Hierdie tipe aksie sal, indien dit bekend word, moeilik in terme van die bepalings van erkende volkeregtelike reëls verdedig kan word.

4. KLANDESTIENE OPERASIES

Die aanwendingsgebied van hierdie tipe uiters geheime operasies is onbeperk, en die reëls van die internasionale reg maak geen voorsiening daarvoor nie.

4. ARRESTASIE-AKSIES

Waar die S.A. Polisie in die onmiddellike omgewing van 'n internasionale grens kontak maak met kriminele elemente en laasgenoemdes in sig van en terwyl die Polisie hulle onmiddellik agtervolg met die oog op gevangeneming oor die grens vlug, mag die Polisie die grens vir ongeveer een kilometer oorsteek indien sodanige gevangeneming in die onmiddellike omgewing van die grens 'n moontlikheid blyk te wees. Hierdie aksie is toelaatbaar mits aan die volgende vereistes voldoen word -

(i) Die Staat waarvan die grondgebied in 'n opvolgaksie betree word moet of onwillig wees of nie in staat wees om teen die persone wat gevolg word op te tree nie.

(ii) Die arrestasie-aksie moet onmiddellik van stapel gestuur word en van deurlopende aard wees. Dit moet ook voorafgegaan word deur vertroulike en/of geheime verstandhouding op diensvlak tussen die twee betrokke dienste.

(iii) Die doel van die aksie moet wees die gevangeneming en verhoor van die persone wat gevolg word voor die howe van die Staat wat die aksie uitvoer.

(iv) Die aksie mag slegs gerig wees teen die persone wat agtervolg word en mag nie skade veroorsaak aan ander persone of eiendom nie.

RIGLYNE

1. OORWOë OPERASIES

Hierdie tipe operasies kan slegs gemagtig word deur 'n voorafgaande besluit van die Staatsveiligheidsraad.

. OPVOLGAKSIES (HAKKEJAG)

Hierdie tipe aksies sal gemagtig word deur die Hoof van die Weermag met bevoegdheid tot delegasie. Dit sal slegs deur die Weermag uitgevoer word.

3. GRONDVERKENNINGSAKSIES

Hierdie tipe aksies sal hoofsaaklik maar nie uitsluitlik nie deur die Weermag uitgevoer word. Lede van die Veiligheidspolisie en die Polisie kan onder sekere omstandighede daarby betrek word. Magtiging hiervoor sal gegee word deur die Hoof van die Weermag met bevoegdheid tot delegasie, met dien verstande, dat die afstand van die operasies beperk word tot vyftig kilometer.

4. KLANDESTIENE OPERASIES

As gevolg van die verreikende implikasies wat kan voortspruit uit hierdie tipe operasies moet dit alleenlik op die hoogste vlak goedgekeur word en die beplanning en uitvoering daarvan sal plaasvind op 'n "moet weet" basis.

5. ARRESTASIE-AKSIES

Hierdie tipe aksies sal gemagtig word deur die Kommissaris van die Polisie met bevoegdheid tot delegasie. Dit sal slegs deur die SAP uitgevoer word met dien verstande dat die agtervolging in die vreemde land nie een kilometer sal oorskry nie.

ALGEMENE VOORVEREISTES Pre-requisites

Alvorens daar by wyse van opvolgaksies of oorwoë operasies teen of in enige staat opgetree word, moet na gelang van omstandighede

gepoog word om daardie staat te oorreed om self op te tree teen die gewraakte handeling en indien nie daarin geslaag word nie moet daardie staat in oorleg met Buitelandse Sake tenminste eenmalig gewaarsku word dat Suid-Afrikaanse optrede mag volg indien daar 'n voortsetting van die gewraakte handelinge is.

AANBEVELINGS - Recommendations

1. Dit word aanbeveel dat die riglyne hierin uiteengesit, goedgekeur word deur die Staatsveiligheidsraad as beleid.

2. Dat hierdie riglyne sal geld ten opsigte van enige selfverdedigingsaksie teen alle buurstate van die Republiek van Suid-Afrika.

3. Ten opsigte van Botswana word die Staatsveiligheidsraad se aandag daarop gevestig dat die situasie met die owerhede van Botswana bespreek is en dat laasgenoemde onderneem het om sy samewerking te verleen om dit in die reine te bring. Sodra besonderhede van insidente aan hulle verskaf word sal hulle alle stappe binne hulle vermoë doen om oortreders op te spoor en aan bande te lê. Vroegtydige waarskuwing sal hulle ook help om voorkomingsaksie te neem. (Die nodige praktiese reëlings tussen die twee polisiemagte is reeds getref). Verder beplan die Botswana owerhede om die sogenaamde Suid-Afrikaanse vlugtelinge in 'n afgeleë kamp te plaas. Indien nodig sal 'n tweede kamp opgerig word.

6

Die toestand word noukeurig dopgehou en na gelang van omstandighede kan die posisie verder hanteer word volgens die neergelegde riglyne.

29 Januarie 1979